Downloaded from Stanmorephysics.com

**KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDêRE SKOOL**

**JUNIE-EKSAMEN**

**2017**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL DRIE**

**GRAAD: 11**

**DATUM: 4 MAY 2016**

**TYDSDUUR: 2½ UUR**

**PUNTE: 100**

**EKSAMINATOR: S.R.PANDAY**

**MODERATRISE: S.SUKHNANAN**

---

**Hierde vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

---

BLAAI OM ASSEBLIEF

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit *DRIE* afdelings.
   - Afdeling A: Opstel (50)
   - Afdeling B: Langer Transaksionele teks (30)
   - Afdeling C: Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste. (20)
2. Beantwoord *EEN* vraag uit *ELKE* afdeling
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n *NUWE* bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, spinnekopdiagram, ensovoorts. Doen die beplanning *VOORDAT* jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd so:
   - ✓ *Afdeling A: 80 minute*
   - ✓ *Afdeling B: 40 minute*
   - ✓ *Afdeling C: 30 minute*
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/ opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.
10. Let Wel: Die titel word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
11. Skryf netjies en leesbaar.
12. Skryf die voorletters van jou Afrikaansonderwyser boaan jou vraestel: SRP; PS; PR; SRE; SSU; ARA

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies *EEN* onderwerp en skryf *200-250 woorde* daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Dit was beslis die slegste dag van my lewe. Ek sal daardie dag nooit vergeet nie.

Vertel in 'n opstel wat gebeur het, hoe jy gevoel het en hoekom jy die dag nooit sal vergeet nie.

(50)

OF

1.2 Ek het my beste vriend aan dwelms/ misdaad/ alkohol verloor.

Skryf 'n opstel waarin jy oor hierdie tragiese verlies (loss) vertel. (50)

OF

1.3 Toe ek my kamerdeur oopgemaak het ...

Vertel in 'n opstel wat verder gebeur het.

(50)

**OF**


**1.4 <u>Tieners van vandag</u> vra vir te veel vryheid (freedom)!**

**Stem jy saam met hierdie stelling? Skryf jou mening hieroor in 'n opstel uit.** **(50)**

**<u>OF</u>**

**1.5 Skryf 'n opstel oor die volgende visuele teks. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die kern van die prent aansluit.**

**(50)**



**<u>TOTAAL AFDELING A: 50</u>**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies *EEN* onderwerp en skryf *120 – 150 woorde* daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Een van jou maats wat onlangs na 'n ander stad verhuis het, is baie ongelukkig by sy/ haar nuwe skool. Volgens jou maat, word hy/sy onregverdig (unfairly) deur 'n onderwyser behandel en hy/sy weet nie wat om te doen nie. Skryf 'n brief aan hom/ haar en gee hom/ haar 'n bietjie raad oor sy/ haar probleem. (30)

**OF**

### 2.2 HULDEBLYK

Jou gunsteling oom/ tante is onlangs in 'n tragiese ongeluk dood. Jou neefs en niggies het jou gevra om 'n huldeblyk by sy/haar begrafnis te lewer. Skryf die huldeblyk uit.

(30)

**OF**

## 2.3 DIALOOG

Jou vriend het jou uitgenooi om die naweek by hom/ haar deur te bring. Jy is baie opgewonde hieroor maar jou ma voel dis nie 'n goeie idée nie en weier (refuses) om jou toestemming te gee. Skryf in dialoogsvorm die gesprek tussen jy en jou ma.

(30)

TOTAAL AFDELING B: 30

## AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN -, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies *EEN* onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

### 3.1 ADVERTENSIE

Greenbury Sekondere Skool wil meer leerlinge na die skool aanlok (attract). Jou skoolhoof het jou gevra om julle skool te adverteer. Jy besluit om 'n advertensie in die plaaslike koerant te plaas. Ontwerp nou die advertensie van jou skool.

Ontwerp 'n advertensie (A4 – grootte) waar jy al die nodige besonderhede oor jou skool in te sluit.

(20)

OF

BLAAI OM ASSEBLIEF


Jy is een van die hoof-organiseerders vir hierdie jaar se "Shavathon". Julle het 'n baie suksesvolle "Shavathon" sessie by Gateway winkelsentrum gehad waar julle baie geld vir kankerpasiente ingesamel het. Maak 'n dagboekinskrywing oor hierdie opwindende dag.

(20)

OF

3.3 <u>RIGTINGSAANWYSING</u>

Jy het vriende met die nuwe meisie/seun op skool gemaak. Hy/ Sy wil jou eendag kom besoek. Gebruik die padkaart hieronder en gee hom/ haar rigtingsaanwysing van jou skool tot jou huis. Noem 'n paar landmerke in jou aanwysing.




**<u>TOTAAL AFDELING C: 20</u>**

**<u>GROOTTOTAAL: 100</u>**

HOD - LANGUAGES
S.R. PANDAY